

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

### Tema: Post-waarheid

### Skriflesing: Matteus 5:21-37

"Above all, don't lie to yourself. The man who lies to himself and listens to his own lie comes to a point that he cannot distinguish the truth within him, or around him, and so loses all respect for himself and for others. And having no respect he ceases to love."

– Fyodor Dostoyevsky, *The Brothers Karamazov*



#### Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –  
en al u werke elke dag aanskou:

Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,  
hoe U dit elke dag so onderhou...

*Dan moet ek juig, my Redder en my God!*

*Hoe groot is U; hoe groot is U!*

*Want deur die hele skepping klink dit saam:*

*Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!*

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.

Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.

O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles  
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

### Broodjies vir die pad

#### Geskiedenis om jou aan te verlustig

*Fransjohan Pretorius*

Die VOC aan die Kaap, 1652-1795

Con de Wet, Leon Hattingh en Jan Visagie (reds.)

PROTEA, R350

Hierdie resensent moet bieg: Dit was 'n hemelse ervaring om dié werk op die stoep van 'n vriend op Pringlebaai te lees, met Valsbaai wat voor hom uitstrek na die skuinsagterkant van Tafelberg en Duiwelspiek aan die oorkant en die wete dat Hangklip net hier om die draai in die see val. Maklik was dit om hom in die geskiedenis in te lewe wat in hierdie 500-plus bladsye afspeel. En vir die lesers wat hom nog onthou: Die inhoud is 'n Karl Kielblock in aksie.

Gaan vra maar: Weinig Afrikaanssprekendes sal oor die geskiedenis van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (die VOC) meer kan stamel as die name Jan van Riebeeck en Simon van der Stel. Dalk nog die skurkagtige Willem Adriaan van der Stel en die heldhaftige Adam Tas. En, o ja, die meer as heldhaftige Wolraad Woltemade wat gesien het hier is père toe De Jonge Thomas in 1773 in Tafelbaai strand. Maar meer nie.

Nou is daar geen verskoning meer nie. Kundigheid is die sleutel tot sukses en hier het ons drie super-redakteurs wat die dokumente in die Kaapse Argief al jare bestudeer en daaroor skryf. Hulle het 'n span van 14 ewe bekwame en uitgelese medeskrywers ter ondersteuning.

Neem maar kennis: Naas Con de Wet, Leon Hattingh en Jan Visagie is daar Dan Sleigh, die Nederlanders Gerrit Schutte en Tom de Smidt, Hans Heese, Gawie en Gwen Fagan, Hoffie en George Hofmeyr, Thean Potgieter, Kay de Villiers, Helena Scheffler, Deon Visser, Piet Westra, en W.D.F. Malherbe. 'n Redakteur se droom. Tragies dat 'n paar van hulle se bydraes postuum verskyn.

Soos die titel aandui, is dit 'n geskiedenis van die VOC aan die Kaap in die tydperk 1652 tot 1795. Ons beleef die ontwikkeling van 'n maritieme dienspos ('n verversingspos), vir die VOC-skepe wat van Nederland na Batavia (vandag Djakarta) in die Ooste seil en terug, tot 'n vestigingskolonie.

Die leser kan hom of haar verlustig in temas soos die wêreld van die VOC, die produksiestelsel en dienslewering van die Kaapse diensstasie, maritieme bestuur, bestuursinstellings en regspraak, die strategiese waarde en verdediging (of gebrek daaraan) van die Kaap, gesondheidsdienste, onderwys, godsdiens, argitektuur, boekversamelings tydens die Kompanjie-bewind, watervoorsiening, munte in omloop aan die Kaap en die VOC se nalatenskap.

Ses hoofstukke oor die bevolkingsgroepe aan die Kaap is 'n reusebydrae tot ons verstaan van die wording van die Suid-Afrikaanse samelewing – van die Kaapse Koina (Khoi-Khoi of Hottentotte) en die ekonomiese stryd tussen hulle en die VOC, tot die vryburgergemeenskap, slawerny aan die Kaap en die gemengde en "bruin" bevolkingsgroep.

Mensig, dit is 'n ryk en geskakeerde versameling hoofstukke wat met sobere objektiwiteit geskryf is en 'n pragtige eenheid vorm.

Die resensent mis net 'n bydrae van Hettie Claassens oor hoe Boerekos sy beslag in hierdie tydperk gekry het, en iets oor die ontwikkeling van Afrikaans deur 'n Christo van Rensburg of 'n Jaap Steyn.

Die inleiding vertel ons dat baie kundiges 'n behoefte geïdentifiseer het aan 'n gesaghebbende publikasie wat die VOC se bewindstyd aan die Kaap volledig behandel.

Daarom het die bestuur van die Stigting VOC reeds in 2005 besluit op 'n publikasie.

Dit is eenvoudig wonderlik dat hierdie werk nou verskyn het. Behalwe historici en belangstellende leke sal genealoë jubel oor 'n werk wat die agtergrond verskaf vir die stories van hul voorsate en dit boonop so pragtig in perspektief stel. Dit is die aangrypende verhaal van vroeë Suid-Afrikaners se stryd teen die elemente en teen mekaar.

Hierdie resensent het net een kwelling: Voor die Eerste Wêreldoorlog het sir Edward Grey, Britse minister van buitelandse sake, somber gewaarsku: "The lamps are going out all over Europe, we shall not see them lit again in our lifetime." My pyn is dat hierdie werk openbaar dat die aantal Afrikaanssprekende historici hoofsaaklik verskraal het tot iets meer as 'n handjievul seniors wat aan die vak getrou is.

Daar is wel 'n paar belowende opkomende jong Afrikaanse historici. Die meeste van ons onthou egter nog vir Hansie Brewis en Tom van Vollenhoven.

Maar om met 'n vreugdelid af te sluit: Protea Boekhuis het hom al met Karel Schoeman se reeks oor die Kompanjiegeskiedenis gevestig as die voorste ontsluiters van daardie wêreld en sy tydsges. Hierdie werk span die kroon daarop.

\* **Fransjohan Pretorius** is 'n emeritusprofessor in geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria en voorsitter van die Geskiedeniskommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

<http://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/geskiedenis-om-jou-aan-te-verlustig-20170206>



"There is only one sin. and that is theft... when you tell a lie, you steal someones right to the truth."

– Khaled Hosseini, *The Kite Runner*

"Usually we walk around constantly believing ourselves. "I'm okay" we say. "I'm alright". But sometimes the truth arrives on you and you can't get it off. That's when you realize that sometimes it isn't even an answer--it's a question. Even now, I wonder how much of my life is convinced."

– Markus Zusak, *The Book Thief*



### Resensie: *Manchester by the Sea*

"Ag, nee wat," grinnik 'n kollega, "my moewies moet my vermaak!" nadat die persoon onaangeraak uit die teater gestap het. Vermaak is verskillende dinge vir verskillende mense. As jy dus 'n rolprentliefhebber is wat smag na 'n tydsame meesterstuk wat jou nie manipuleer of voorskryf nie, en vir wie intellektuele en insiggewende draaiboeke onontbeerlik is, sal jy dalk saamstem: Die verkwiklike, maar ook onthutsende *Manchester by the Sea* is 2016 (en nou 2017) se beste rolprent. Dit is weergaloes. (Leon van Nierop)

<http://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/net-eeen-kyk-net-n-draai-van-die-kop-20170107>



Vir almal wat rolprentervarings met 'n groot mate van erns en deeglikheid benader, is die oeuwe van die Amerikaanse dramaturg, regisseur en draaiboekskrywer Kenneth Lonergan onmisbaar. Met *Manchester by the Sea* bereik hy slegs sy opus drie, ná *You Can Count on Me* (2000) en *Margaret* (2011).

[...]

Sy jongste meesterwerk is 'n tragiese maar tegelyk hartverwarmende verhaal oor familiebande, vaderskap, manlikheid en mondigheid. Die tragiek wentel om die feit dat talle mense wat sonder hul eie toedoen daarin gedompel word, hulself nie daarvoor kan vergewe nie. (Paul Boekkooi)

<http://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/regisseur-kenneth-lonergan-sorg-weer-vir-n-meesterlike-werk-20170104>



"Art is the lie that enables us to realize the truth."

– Pablo Picasso

"Sometimes people don't want to hear the truth because they don't want their illusions destroyed."

– Friedrich Nietzsche

"It's enough for me to be sure that you and I exist at this moment."

– Gabriel García Márquez, *One Hundred Years of Solitude*

## Brood vir die pad

### 'n Kategismus vir burgers, vra Rousseau

As kinders moes hulle dele van die kategismus uit die kop leer, skryf 'n leser. Só onthou hy stééds hoe Luther se *Klein Kategismus* die gebod uitlê dat ons nie vals sal getuig nie, of eerder, die bedoeling agter dié woorde. Ons moet liever ons naaste verdedig en beskerm, altyd góéd oor ander praat, opbouend, hul beste belange soek in hóé ons praat en in wát ons sê. Ons taal moet ander se welwese soek, nie wil verwond en verwens nie. Ook dié gebod is immers 'n gestalte van liefde.

Is só 'n briefie nie aangrypend nie? En klink dit nie byna wêreldvreemd, in tye waarin post-waarheid die woordeboekwoord van die jaar kon word, waarin kommunikasie – boodskappe, berigte, blogs – nie meer waarheid wil dien nie maar oorwinnings wil behaal, desnoods tot elke prys? Bied dié soort uitleg nie byna verre, vreemde, onhaalbare drome in samelewings waar regerings wette moet oorweeg om ons te dwing om nie mekaar te beledig en verneder, smaad en skaad, beskaam en hoon nie?

Hoe wanhopig oor ons menslike kondisie het ons nie geword as ons na wette en kommissies, howe en verhore, boetes en strawwe moet gryp om basiese ordentlikheid en beskaafdheid, respek en medemenslikheid te verseker nie? Wat het geword van ons? Vanwaar dié rassistiese, seksistiese, homofobiese, xenofobiese taal – welke soort harte voed tog sulke soort tonge? Watter soort kategismus leer ons dan deesdae? Indien enige?

Ek ken nogal dié leser, wat dié herinneringe oproep.

Oor jare het sy eie lewe gewys dat hy as kind dié *Klein Kategismus* nie net uit die kop geleer het nie, maar ook in sy hart gebêre het, deel van sy denke en gedrag gemaak het.

Met sagte woorde wat grimmigheid afkeer, met billike oordele selfs oor andersdenkendes, met 'n beskeie, eerlike, soekende houding, het hy na ander geluister, mét hulle gepraat en óór hulle gepraat, altyd waardig en vol respek, ook al moes hy soms moedig verskil – nes vele ander gelukkig óók geleer het om te praat, vele wat sedert Luther se dae ook dié soort uitleg sou aanleer en glo en uitleef.

In Augustus 1756 vra die verligte denker Jean- Jacques Rousseau in 'n brief sy geleerde tydgenoot Voltaire om 'n *Kategismus vir Burgerste* skryf, as 't ware 'n burgerlike belydenis van geloof, met sowel die positiewe oortuigings wat demokrasie benodig as die fanatiese wat álmal behoort te verwerp. Ook g'n wonder nie. Wie die Kerk se kategismus skaars nog lees, kort sweerlik iets anders, of ons gaan saam nog sukkel? En dit geld van die Kerk sélf ook. – DJS

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/n-kategismus-vir-burgers-vra-rousseau-20170203>



### Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor*

*ubi caritas, Deus ibi est.*